2 November **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 5**

Verwaandheid sien sonde oor

Teen dié tyd is ons reeds goed bewus van die selfverheffing van die gelowiges in Korinte (vers 6). Hoe diep dit gelowiges sondig kan beïnvloed, word nou duidelik: onsedelikheid soos wat dit selfs onder heidene nie voorkom nie, word ooglopend in die gemeente geduld! (vers 1,2).

Het jy dit ook al teëgekom? Sonde wat geduld word in gesiene families, onder prestasiebewuste sportlui en in die weeldewêreld van groot sake-ondernemings. Dit gaan in ons hoofstuk natuurlik oor Christene in die leefwêreld, nie oor die heidene nie. God sal oor húlle oordeel (vers 12,13).

Die Here se apostel reageer skerp: sedeloosheid moet met wortel en tak uitgeroei word! Die beeldspraak van suurdeeg verwys na die jaarlikse paasfeesviering in Israel: saam met die paaslam moes, vir sewe dae lank, ongesuurde brood geëet word. Alle suurdeeg moes reeds die aand van die eerste feesdag uit hul huise verwyder word. Dit dui op die presiese dag waarop die Here Israel uit Egipte bevry het (Eks 12:15-20, 13:3-10; Lev 23:6-8; Nem 28:17-25; Deut 16:3,4.8).

Suurdeeg was as gismiddel ‘n teken van verrotting, onreinheid en sonde. Vir ons dit ‘n simbool van sondeslawerny. Dit is wat ons as gelowiges uit ons lewens moet verwyder, want ons Paaslam, Jesus Christus, is aan die kruis op Golgota geslag. Ons skuld is betaal en versoen en ons durf nie en hoef nie en mag nie meer daarin volhard nie! Dit is egter nie moontlik solank jy en ek op ons troontjie van selfverheffing bly sit nie.

Sing: Skrifberyming 33:3 Ds J Botha (Laeveld)